**28 Julie**

Skrifgedeelte: Obadja
Fokusgedeelte: vers 15

# Wat jy gedoen het, sal aan jou gedoen word

Wat jy gedoen het, Edom, sal aan jou gedoen word. Die Gees van die Here laat Obadja onthou wat die Edomiete Juda aangedoen het. Obadja verwys na die dag toe Jerusalem deur die Babiloniërs verwoes is. Edom, die nageslag van Esau, was veronderstel om Juda by te staan. Die Edomiete was tog Juda se familie – die twee volke was broervolke (v10). Edom het egter nie soos ’n broer opgetree nie. Die teendeel is egter waar: Die Edomiete het hulle verlustig in die ondergang van Juda. Erger nog: By die kruispaaie het hulle die vlugtende Judeërs voorgekeer. Talle is gedood en ander is gevange geneem en aan Babel uitgelewer (v14). Daarna het die Edomiete Jerusalem binnegestroom en beroof (vs 13).

Deur sy profeet kondig God nou die “dag van die HERE” aan. Dit wil sê: Edom gaan geoordeel word. By dit alles glo Edom dat hy in sy duisendjarige konflik met Jakob nou finaal oorwin het. Daar wag egter ’n verrassing vir Edom: Juda gaan terugkeer en sy ou grondgebied weer beset – asook dié van Edom. Wat Edom aan Juda gedoen het, gaan Juda uiteindelik aan Edom doen.

Dit het eers ’n eeu later gebeur. Die wiel draai soms baie stadig. As ons in ’n gunstige posisie is, hoop ons op ’n stadige wiel. As ons egter in ’n ongunstige posisie is, bid ons vir ’n baie vinnige wiel. Tipies menslik, nè. Laat die draai van die wiel maar aan God oor. Onthou net die beginsel: Die maat waarmee jy meet, sal vir jou gemeet word, en wat jy aan ander doen, sal aan jou gedoen word.

Sing: Psalm 2:2

Ds AS Heystek (Emeritus)